higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T870**(A)**(M28)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

(4110033)

28 Maart 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Sketse moet groot, netjies en volledig benoem wees.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die afkorting WNNR staan vir Wiskundige en Natuurnavorsingsraad.

1.2 Ongeveer 500 000 ton aluminium is in 2001 uitgevoer.

1.3 Suid-Afrika is die tweede grootste staalprodusent in Afrika.

1.4 Suid-Afrika is tiende op die wêreldranglys vir die produksie van aluminium.

1.5 Koper, geelkoper, lood, sink en tin word van Brasilië na Suid-Afrika ingevoer.

1.6 Archelor Mittal South Africa is die maatskappy wat as die JSE Sekuriteitebeurs bekend was.

1.7 Die maatskappy, Archelor Mittal is in 2010 gestig.

1.8 Amcor staan vir American Metals Corporation.

1.9 ISPAT dryf handel as Saldanha Steel Ltd.

1.10 Die afkorting NOK staan vir Noodontwikkelingskorporasie.

1.11 Die NOK help nuwe en bestaande ondernemings met befondsing.

1.12 Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) is 'n organisasie wat gestig is om te verseker dat Suid-Afrikaanse ondernemings aan 'n reeks standaarde voldoen, veral wat gesondheid, veiligheid en die omgewing betref.

1.13 Die WNNR se doel is om tot die nasionale ontwikkelingsprogram en alle gebiede waar navorsing baie nodig is, by te dra.

1.14 Ysterertsis die eerste keer in Thabazimbi, hier in Suid-Afrika, ontdek.

1.15 Yskor is Suid-Afrika se grootste staalprodusent.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Bespreek SES voordele van ’n eenmansaak. (6)

2.2 Tabuleer die vergelykings van die volgende soorte maatskappye:

- Ope/Publieke maatskappy
- Private maatskappy (2 × 2) (4)

2.3 Noem VYF vorme van ondernemings. (5)
[15]

VRAAG 3

3.1 Noem SES moontlike swakhede wat tot industriële burokrasie kan lei. (6)

3.2 Oranisasiestruktuur stel die toewysing van verantwoordelikhede vir verskillende funksies en prosesse aan verskillende entiteite in staat, soos: Internasionale takke en nasionale takke.

Beskryf VYF ander verskillende entiteite. (5)

3.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

’n Oranisasie- 3.3.1 (span/struktuur) bepaal hoe werksaamhede soos 3.3.2 (taaktoewysing/lidmaatskap), 3.3.3 (koördinasie/rigting) en 3.3.4 (organisering/toesighouding) op die bereik van organisasiedoelwitte toegespits word. (4)
[15]

VRAAG 4

4.1 Kinders moet ’n klompie take tuis verrig ten einde verantwoordelikheid te leer.

Noem VYF voordele vir ’n kind wat aan gesinsverantwoordelikhede meedoen. (5)

4.2 Teken Maslow se hiërargie van behoeftes. (5)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Definieer *kontrole* as ’n bestuursfunksie. (3)

5.2 Bespreek die basiese stappe van *kontrole* onder die volgende opskrifte:

5.2.1 Stel van standaarde

5.2.2 Meting

5.2.3 Vergelyking

5.2.4 Ontleding

5.2.5 Evaluering

5.2.6 Regstelling

(6 × 2) (12)
[15]

VRAAG 6

6.1 Die besluitnemingsproses is ’n stelselmatige metode wat uit vyf eenvoudige stappe bestaan.

Noem die VYF stappe in die besluitnemingsproses in die korrekte volgorde.
(5 × 1) (5)

6.2 Noem VYF funksies van die toesighouer en gee ’n verduideliking van elk.
(5 × 2) (10)
[15]

VRAAG 7

7.1 Ongelukke kom in die werkplek voor weens onveilige toestande.

Noem TIEN oorsake van ongelukke weens onveilige werkstoestande. (10)

7.2 ’n Toesighouer kan sy pligte in sy afwesigheid aan enige lid delegeer om te verrig.

Noem VYF pligte wat ’n gedelegeerde in die afwesigheid van die toesighouer moet verrig. (5)
[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou